| | |
|---|---|
| **MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**<br>**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 4 OKTOBER 2017 OM 13HOO IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL** | |
| **1. OPENING EN VERWELKOMING**<br>George Nezar verwelkom almal teenwoordig, spesiaal vir **Cecil Barry** en **Robbie Landers** wie vir die eerste keer ons vergadering bywoon.<br>Johan Lotter open met gebed | |
| **2. PRESENSIE/VERSKONINGS**<br>Die presensielys word gesirkuleer.  Afwesig met verskoning Frik Nel en Flippie Bezuidenhout. | |
| **3. NOTULE VAN VORIGE VERGADERING**<br>Goedgekeur – voorgestel Mike en gesekondeer deur Buks | |
| **4. NUWE SAKE VIR BESPREKING**<br>4.1 Erf 439, Reebok - Goedkeuring vir bouwerk N G Kerk Reebok - George Nezar bespreek die beplanning daarvan. | |
| 4.2  Skoonmaak munisipale erf by Olckersstraat Klein Brakrier - Mnr Sloet sal wys waar grense loop. - | **Rdl A J van Rensburg** |
| 4.3  Snoei van Melkhoutboom op sypaadjie Koedoelaan - wag nog steeds vir parkeraad | **Parke Dept** |
| 4.4 Groenkloof – nuwe ontwikkeling - Die probleem van natuurbewaring is uit gesorteer en aangespreek en is nou gereed vir publieke deelname. - | |
| 4.5 **Thusongsentrum** - publiek moet aangemoedig word om van dienste daar gebruik te maak. **Naambord vergroot asb.vir sigbaarheid**. | **Raadslede** |
| 4.6  Dorp van die jaar feesviering - publiek moet aangemoedig word om dit Saterdag 8 Oktober 2017 by te woon. - | |
| 4.7  Herseel van strate - Munisipaliteit moet vereniging kennis gee van strate wat herseel word. | **Raadslede** |
| **5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**<br>5.1  Bouinspekteur J Scheepers deel vergadering mee dat Bertie Supra afgetree het en dat hy alreeds verskeie kwessies aangespreek het en by die volgende vergadering terugvoering sal gee  aangesien hy dringend aandag aan n probleem wat skielik opgeduik het moet skenk. | |
| 5.2  Versoek dat alle **nuwe ontwikkellings** per e-pos aan die vereniging gestuur moet word vir ons kennisname | **- Raadslede** |
| 5.3  Terugvoer van Dr J Schoeman ontvang dat kennis geneem word van die **hinderlike reuke** by Rheebok stene en dat dit n proses is wat tyd gaan neem om opgelos te word | |
| 5.4  Charl Coetzer ontvang terugvoering van Munisipaliteit aangaande **stormwatersloo**t in Impalarylaan en onderneem om dit aan George te stuur. Meer waarskuwingstekens is intussen aangebring om motoriste te waarsku. | **Charl Coetzer** |
| 5.5  Terugvoering ontvang van Melanie Koen dat geen beskermde spesies/bome afgekap of vernietig is tydens **skoonmaak van erwe 1340 & 786**. Riglyne vir skoonmaak van erwe word deur haar aan ons beskikbaar gestel. (DAFF RIGLYNE) | |
| 5.6 Terugvoering ontvang van hoof van Verkeersafdeling dat **spoedlokvalle** | |

| | |
|---|---|
| orals kan plaasvind en dat geen **stopstrate** tans in Rooiboklaan aangebring gaan word nie.<br>5.7 Die **groen skerpioene** stel ondersoek in by erf 367 in Tergniet aangaande **duineversteuring.**<br>5.8 Huidiglik word die pad in Impalarylaan geteer en die **stopstrate** moet so spoedig moontlik weer geverf word om ongelukke te voorkom.<br><br>**6. <u>WEBSITE INSTANDHOUDING</u> -** Klaus Oellrich - **<u>www.midbrakratepayers.co.za</u>** Lede word aangemoedig om webtuiste te besoek en aan publiek te adverteer.<br><br>**7. <u>BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS</u> –** Terugvoer word gegee oor Erf 401 waar aansoeke vir ontwikkeling ingewag word en dat Rolbalbaan se huurkontrak op erf 401 se restand hernû is.<br><br>**8. <u>WYKSKOMITEES - TERUGVOER WYK 4 & 5</u>**<br>Rdl A J van Rensburg –<br>Klein Brakrivier se stopstrate en hobbels geniet aandag.<br>Die verskuiwing van Powertown verloop volgens beplanning.<br><br>By wyk 5 is besluit om die GOP vanaf 2012 tot nou te ontleed teneinde seker te maak dat alle items hanteer is en nie verlore geraak het nie. Cecil Barry word gesekondeer om saam met Kobus van Glentana te werk met die ontleding daarvan.<br><br>**9. <u>GOP - Wyk 5 - Wyk 4- 12 April en 10 Mei 2018</u> -** Inwoners en ons lede moet gemotiveer word om dit by te woon.<br><br>**10. <u>FINANSIES</u> - R**1000 sal aan Buurtwag sal oorgeplaas word.<br><br>**11. <u>POLISIeRING/BUURTWAG</u>** Jaques gee terugvoer van inbrake die afgelope maand waar dit versleg het teenoor vorige maand. Tans nie goeie samewerking met SAPS wie slegs een voertuig vir patrollie beskikbaar is. Die saak word egter nou aangespreek.<br><br>**12. BEWAREA -** Daar sal gepoog word om Mnr Matthew Thorpe by die vergadering te kry.<br><br>**13. <u>PLAASLIKE SAKE</u>**<br>**13.1 De Lange uitbreiding -** Ann Pretorius – Pad beskadig deur swaar voertuie daar.<br><br>**13.2 Toekoms -** Donovan Classen afwesig<br><br>**13,3 Fraaiuitsig -** Frik Nel / Charl Coetzer – Kaaimans 64 – Riooltrok was wettiglik parkeer op private eiendom en is skoon wat geen risiko inhou nie. Inspeksies is gedoen op erwe met droë takke en 3 kennisgewings is aan eienaars gestuur.<br><br>**13.4 Riverside -** Brigit Maritz/ Jasper van Zyl | **Francois Thiart**<br><br>**Rdl A J v Rensburg**<br><br>**Mike Wray /Ann Pretorius**<br><br>**Frik Nel**<br><br>**Frik Nel** |

| | |
|---|---|
| **13,5 Tergniet -** Francois Thiart/Johan Hartzenberg - Waterprobleem moet asb aangespreek word want ou pype bars in die area. | **Tegniese Dienste** |
| **13.6 Tergniethoogte -** Mike Wray/ George Nezar | |
| **13,7 Klein Brakrivier -** Pieter le Roux/Robbie Landers – Veiligheid by visvangplek is aangespreek en opgelos | |
| **13,8 Reebok**<br>13.8.1 **Noord van spoorlyn -** Johan Lotter<br>13.8.2 **Suid van die spoorlyn** - Cecil Barry | |
| 1. Spooroorgang nr LX 07612 in de Jagerstraat-Padoppervlakte swak met slaggate **– oplossing dalk beton oorgangblokke te installeer**<br>2. Geen straatligte in Olivierstraat – GOP aangeleentheid. | **Raadslede/ Tegniese Dienste** |
| 3. Regoor Le Rouxstraat nr 34 moet teeroppervlak gerehabiliteer word .<br>4. H/v le Roux en Hooper - teer oppervlakte moet gerehabiliteer word. Slaggate ook in die T-aansluiting | **Tegniese dienste**<br>**Frik Nel** |
| 5 . le Rouxstraat - Op die skouer is n hele lengte ongerehabiliteerde opvulling aab die noordekant van die pad. Parke en/of Paaie? | **Tegniese dienste** |
| 6. Olckersstr oorkant 54 is hope bourommel en boumateriaal | **Bouinspekteur** |
| 7. Bredellstraat – Padskouer verweer – Randstene kry – GOP | |
| 8. Hooperstraat - Nuwe elektrisiteits distrubisiekaste – slote is oop en nie afgesper of gerehabiliteer nie | **Tegniese dienste** |
| 9. Kusweg 129 – Ernstige gronderosie langs grensmuur | **Bouinspekteur** |
| 10. Kusweg Erf 2212 – Ernstige gronderosie | **Bouinspekteur** |
| 11 Oorkant Kusweg 75 is tydelike toilet vir publiek wat erg naby aan padskouer geplaas is. | **Tegniese Dienste** |
| 12. De Jagerstraat 1 tot 5 het geen randstene en gronderosie vererger. Randstene –GOP | |
| 13. Versoek vir inheemse bome op sypaadjies – Stel lys van strate op vir deurgee aan Parke. | **Alle lede/ Cecil Barry** |
| **13.9 Reebokhoogte -** Jaques Radley<br>**13.10 Reeokrif -** Buks Pieterse/Flippie Bezuidenhout | |
| **14. <u>ALGEMEEN</u>**<br>**14.1 KORRESPONDENSIE**<br>**14.2 Indeling van portefeuljes**<br>Verkeerstekens en spoedhobbels, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/monitering, gate in strate, herseel en teer van strate – **Frik Nel – frikn@mweb.co.za**<br>Skoonmaak van erwe - **Charl Coetzer – charl41@vodamail.co.za**<br>Onaanvaarbare strukture - **Pieter le Roux – admin@dekaap.co.za**<br>Rampbestuur - **Buks Pieterse – bukscorne@gmail.co.za** | |
| **VOLGENDE VERGADERING IS WOENSDAG 1 NOVEMBER 2017 OM 13h00 IN REEBOKSAAL.** | |
| **DATUM VIR JAARVERGADERING: 18 DESEMBER 2017- 10vm** | **18/12/2017** |

| **MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2017** | **BESPREEK** |
|---|---|
| 1. Midbrak N2 Ontwikkeling - voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting. | **Nov 2017** |
| **2. SAKE BY MUNISIPALE REGSAFDELING – Rdl A Dellemijn**<br>2a Tennisbane - Klein Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)<br>2b Erf264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)<br>2c Koraalsingel 43 (vordering) Regsgeding | **Rdl A Dellemijn** |
| **3. Reebokrif HEV** - George/Buks/Flippie – Bespreek Feb 2018. | **Feb 2018** |